GR 12 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
VASLEGGINGSTOETS : TAALSTRUKTURE

INSTRUKSIES

1. Beantwoord ALLE VRAE.
2. Die kleurkodes van vrae:

 Vrae wat **groen** gekleur is, is op 'n basiese vlak gestel. Vrae wat **blou** gekleur is, is effens moeiliker.

 Vrae wat **rooi** gekleur is, is op 'n hoë vlak gestel. Opdrag:

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

Kalwerliefde op die kampterrein

1 Ons gesin het elke somervakansie by Mosselbaai gaan kamp en ek het later maats geraak met die kinders van die ander mense wat rondom ons gekamp het.

2 So gebeur dit dat ek eendag saam met 'n klomp kampvriendinne afsit Diazstrand toe. Natuurlik het ons naby die rugbywedstryde gaan lê, want so kon jy die talent lekker deurkyk.

3 Ná 'n paar uur in die son het ons opgestaan om in die branders te gaan baai.

4 Ek moes my swembrilletjie opsit en ons was skaars in die branders toe 'n branderplankryer op sy branderplank naderroei en 'n geselsie aanknoop. Hy vra toe iets wat ek nie bo die gedruis van die water mooi kan hoor nie. Ek neem toe aan hy wil weet of ek altyd met die verspotte brilletjie moet swem. Ek pak toe my mooiste glimlag uit en antwoord: "Yes, because I wear contact lenses."

5 Want alle branderplankryers is mos Engels.

6 Hy het my met 'n diep frons aangekyk en sonder 'n verdere woord omgedraai en weggeroei.

7 Dis eers nadat my vriende ophou giggel het dat hulle verduidelik die branderplankryer het eintlik gevra wat my naam is.

8 Ek was baie, baie skaam.

[Uittreksel aangepas uit: ***Stories***:"***Kalwerliefde op die kampterrein***"]

Vrae:

1. Voltooi die volgende sin deur die ANTONIEM van die vetgedrukte woord te gee: Die meisies het **naby** die rugbywedstryde gaan lê en nie … daarvandaan nie. (1)

2. Die woord baai (paragraaf 3) beteken "swem".
Gebruik die HOMONIEM van baai in 'n volsin sodat dit 'n ander betekenis het. (1)

3. Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE:

Die seun vra vir die meisie: "Moet jy altyd met die brilletjie swem?"

Begin jou antwoord só: Die seun vra vir die meisie of … (2)

4. Voltooi die onderstaande sin met die ontbrekende WERKWOORD:
Die meisie ... kontaklense sodat sy beter kan sien. (1)

5. Gee die MEERVOUDSVORM van die vetgedrukte woord:
Ek pak toe my mooiste **glimlag** uit. (1)

6. Skryf die volgende sin in die ONTKENNENDE vorm:

Alle branderplankryers is mos Engels. (1)

7. In paragraaf 6 is daar 'n woord verkeerd gespel. Skryf dié woord korrek neer. (1)

8. Gee die INTENSIEWE VORM van die vetgedrukte woord:
Die meise was **skaam**. (1)

9. Vervang die woorde tussen hakies met die korrekte VOORNAAMWOORD:
'n Mens moet oppas wat ('n mens) vir vreemdelinge sê. (1)

[10]

VRAAG 2

Facebook kan vroue se selfvertroue 'n knou gee

1. 'n Sielkundige van Brittanje het gewaarsku dat Facebook verslawend kan wees en veral vroue se selfvertroue 'n knou kan gee.

2. Dié sosiale netwerk is nie geskik vir mense wat van verslawing herstel nie, sê dokter David Smallwood, 'n sielkundige. Hy waarsku tot 25% van Facebookgebruikers kan "verslaaf raak aan vriendskap".

3. Daar word geskat dat Facebook op die oomblik meer as 100 miljoen gebruikers het.

4. Smallwood het gesê om aan Facebook verslaaf te wees is amper soos om aan inkoppies verslaaf te wees.

5. "Om suksesvol te lyk, koop jy 'n klomp klere en handsakke op jou kredietkaart en beland sodoende diep in die skuld. Ek behandel pasiënte wat op Facebook is en my raad aan hulle is om weg te bly."

6. Veral vroue word as kwesbaar beskou omdat hulle "verplig voel" om baie vriende te maak. Hulle kan verwerp voel as hul vriendskap-versoek aan 'n ander gebruiker van die hand gewys word.

7. 'n Vroeëre verslag toon egter Facebook is 'n redding vir baie ouer mense en beskerm hulle teen eensaamheid.

[Uit; ***Die Burger***, 24Oktober 2008]

Vrae:

1. Skryf die AFKORTING van die vetgedrukte woord neer:
   Dokter David Smallwood sê Facebook is nie geskik vir mense wat van verslawing herstel nie. (1)
2. Skryf die vetgedrukte getal as 'n WOORD neer.
   25 persent van Facebook-gebruikers kan verslaaf raak. (1)
3. Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.
   Dokter Smallwood sê dat hy nie Facebook gebruik nie. (1)
4. Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die vetgedrukte word:
   Facebook kan **vroue** se selfvertroue 'n knou gee. (1)
5. Skryf die sin oor in die INFINITIEF.
   'n Mens moet Facebook versigtig gebruik.
   Begin die sin só: 'n Mens BEHOORT … (1)
6. Verbeter die SPELFOUT in die onderstaande sin.
   Om aan Facebook verslaaf te wees is amper soos om aan inkoppies verslaaf te wees. (1)
7. Skryf die onderstaande sin oor in die ONTKENNENDE VORM.
   Is Facebook nog 'n redding vir ouer mense? (1)
8. Skryf die onderstaande sin oor in die VERLEDE TYD.
   Vroue wil baie vriende maak. (1)
9. Vorm 'n PERSOONSNAAM van die vetgedrukte woord.
   'n Sielkundige van **Brittanje** het gewaarsku dat Facebook verslawend kan wees. (1) 10.
10. Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Sy het vir die eerste keer Facebook gebruik. Sy was twee jaar oud. (toe) (1) 11.

11.Skryf die sin oor in die LYDENDE/PASSIEWE vorm.

Facebook beskerm ouer mense teen eensaamheid. (1)

12. Skryf die volgende sin oor en begin jou antwoord met die vetgedrukte word:

Sy het **onmiddellik** verwerp gevoel. (1)

[12]